www.xtrapapers.com

**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading **October/November 2018**

INSERT **2 hours**

*2183980370-I*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning. This Insert is **not** assessed by the Examiner.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Die bylae bevat die leestekste.

Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimtes gebruik om jou antwoorde te beplan. Hierdie bylae word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

DC (LEG) 143265/2
© UCLES 2018

CAMBRIDGE International Examinations

[Turn over

www.xtrapapers.com



Teks A is ’n toespraak wat gelewer is toe die sesde uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (*HAT*) bekendgestel is.

Lees teks A en beantwoord vraag 1 in jou vraestel.

**TEKS A**

## Waar die mond van vol is, loop die HAT van oor

Daar is ’n mooi anekdote van ’n vrou wat vroegaand tydens ’n beurtkragdonkerte in haar kombuis ’n vreemde geluid hoor. By nadere ondersoek sien sy toe ’n mol wat via die oop agterdeur die kombuis ingekom het en stewig op pad is na die aangrensende gesinskamer.

Sy het geen hartstog vir molle gehad nie, maar wou ook nie die knaagdiertjie seermaak nie. Sy het geweet haar seun wat aanstons tuis sou wees, sou in die mol belangstel. Toe gryp sy ’n roomysbak en sit dit oor die mol om hom te vang. Sy het skaars haar rug gedraai toe sy weer iets hoor. Met die omkyk sien sy die roomysbak is aan ’t beweeg. Sy vat toe ’n pan en sit dit bo-op die roomysbak bo-op die mol. Net toe gaan die krag aan en vanaf die TV in die gesinskamer hoor sy Sewende Laan se nuwe kenwysie. Sy stap daarheen en in die deur draai sy om – want die pan met die roomysbak met die mol beweeg weer vorentoe. Op die kaggelrak in die gesinskamer, tussen Die Bybel en *Die Burger* staan die *HAT* – en dié plaas sy toe bo-op die pan, bo-op die roomysbak, bo-op die mol. En die mol het nie weer beweeg totdat haar seun huis toe gekom het nie.

Die afgelope vyftig jaar was *HAT* ’n praktiese gebruiksinstrument in baie huise – soms om molle te vang, soms om blomme in te pars en, by uitstek, as deurstop. *HAT* het deel van Afrikaanse huishoudings geword – ’n vriendin het vir haar dogter met dié se kombuistee ’n *HAT* gegee, want wat is ’n huis sonder ’n *HAT*? Vir haar ooievaarstee sal sy seker ’n *Klein HAT* kry.

Maar die werklike doel van *HAT* is nie om molle te vang nie, maar om die taal vas te vang en vryheid aan sy gebruikers te kan gee. Die werklike doel van *HAT* is nie om dooie blomme te pars nie, maar om die bloeisels van ’n lewende taal te vertoon. Die werklike doel van *HAT* is nie om ’n statiese deurstop te wees nie, maar om die deur van taal en kennis oop te maak. Die sewentiende-eeuse leksikograaf of woordeboekskrywer Amos Komensky se woordeboek het die titel *Die poort van tale ontsluit* gehad. Dit is wat *HAT* wil doen. *HAT* wil die poorte van taal ontsluit om aan sy gebruikers toegang tot kennis te gee.

Vanjaar vier ons 90 jaar wat Afrikaans as onderrigtaal erken is. Vir ’n beduidende deel van hierdie tyd het *HAT* ’n belangrike ondersteunende rol gespeel. In baie klaskamers, studeerkamers en werkkamers was dit die gesaghebbende bron van inligting. Soos Afrikaans verander het, het *HAT* ook verander en deurgaans op ’n dinamiese manier die taalverandering weerspieël. *HAT* het nie probeer om voor te skryf nie, maar eerder om te beskryf wat in die taal werksaam is. *HAT* was nie net op die formele gebruik van taal gerig nie, maar ook op die taal van ons oggend- en aandpraatjies. *HAT* wil die werklike Afrikaans weergee, want waar die mond van vol is, loop die *HAT* van oor!

*HAT* was in baie opsigte ’n baanbreker. In 1998 met die werk aan die vierde uitgawe was *HAT* een van die eerste Suid-Afrikaanse woordeboeke om op CD te verskyn. In 2015 word *HAT* aanlyn bekendgestel. Nou is dit nie net meer “Wat is ’n huis sonder ’n *HAT*?” nie, maar ook “Wat is die internet sonder ’n *HAT*?”

Leksikografie is nie net ’n stokperdjie nie; dit is ’n leefwyse. Drie dae voor sy dood het Francois Odendal, wat van 1979 tot 2005 samesteller en medesamesteller van *HAT* was, aan my gesê dat daar ’n paar goed is wat hy nog in *HAT* wil verander. Hopelik is sy wense in *HAT* 6 deurgevoer. Met hierdie uitgawe eer ons ook sy nagedagtenis.

© UCLES 2018

www.xtrapapers.com



*HAT* is daar vir die volle Afrikaanse taalgemeenskap: vir almal wat in en met Afrikaans op reis is. Van Parow tot Polokwane, van Keimoes tot Kokstad: met die *HAT* in die hand, kom jy deur die hele land.

*(Professor Rufus Gouws by die mediabekendstelling van HAT 6 op 25 Junie 2015)*

© UCLES 2018

**[Turn over**

www.xtrapapers.com



Teks B is deur Le Roux Schoeman, ’n verslaggewer, geskryf.

Lees teks B en beantwoord dan vraag 2.

**TEKS B**

## Afrikaans wys sy kluis

Eenkant in die “kluis” van Afrikaans staan ’n katel, maar die woordeboekmakers wat daar werk, kry min tyd vir rus, berig Le Roux Schoeman.

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (*WAT*) is meer projek as boek: Hy word vanjaar 90 en trek nou eers by die letter S. Die *WAT*-span gaan vir deeglikheid meer as spoed. Trouens, die pad na Zwinglianisme (die laaste woord in Afrikaans?) het lanklaas so ver gevoel soos wanneer jy by die *WAT*-kantoor aan ’t gesels raak met van die taalkenners wat hierdie reuse-onderneming dryf. Dis dalk ook gepas dat hierdie onaansienlike gebou in Stellenbosch met die aansienlike rol in die Afrikaanse kultuurwêreld so tussen die ingenieurs- en filosofiegebou lê. Want daar’s iets baie prakties, maar terselfdertyd filosofies omtrent die aanteken van ’n taal. Dit moet byhou met die vernuwing wat sy sprekers se wêreld daagliks verander. Dit moet ook wegtree van die politieke skadu’s wat van sy woorde gooi.

Gerhard van Wyk is ’n senior mederedakteur by *WAT* en lei my onlangs deur die biblioteek na die vertrek wat werknemers die kluis noem. Buiten die katel wat netnou genoem is, is daar ook ’n eenspoedbodefiets. Verder is daar net ry op ry op ry staal- en houtliasseerkaste. “Hier is ongeveer vier en half miljoen indekskaartjies, wat só lyk,” sê Van Wyk en trek ’n laaitjie oop om ’n voorbeeld te wys van die soort skrywes wat sedert 1926 aan die woordeboekmakers gestuur is deur ywerige Afrikaanssprekendes. “Hulle het voorbeelde uit koerante of tydskrifte opgeteken of ’n mooi woord uit hul streek vir ons gestuur. Daar is vroeër ’n beroep op mense gedoen: Kom, stuur in jul woorde vir *WAT*!” verduidelik Van Wyk met ’n glimlag. “Ons probeer dat daar nie woorde deurval deur die sif nie, maar die sif moet ook nie te fyn wees nie – anders gaan ons ‘eendagsvlieë’ opneem wat iemand ingestuur het wat net daai persoon of sy gesin ken,” sê Van Wyk.

Uiteraard verskuif die klem ook hier na die digitale, soos in so baie ander mediavelde. Dit is nie net makliker om aanpassings by te werk nie, maar die leser hoef ook nie meer twee meter se rakspasie skoon te maak vir haar naslaanwerk nie.

“Ons het wat ons noem hiate, woorde wat ontbreek waarna mense soek, maar elektronies bygewerk word,” verduidelik Van Wyk. “Sê maar iets soos CD of DVD. Toe deel 1 in 1950 verskyn het, was daar nog nie sulke goed nie.”

“*WAT* is ’n alles omvattende woordeboek, wat die tempo van ons leksikograwe se werk vertraag omdat jy baie in detail ingaan op ’n woord,” verduidelik Van Wyk. “Dit verskil van ’n gewone woordeboek wat jy in die hand kan vashou. Ons is nou eers by deel 14, jy kan die proses nie aframmel nie. Jy moet met voorbeeldmateriaal wys hoe hierdie woorde gebruik word.”

Een van die minder bekende gevolge van die koms van demokrasie in Suid-Afrika is dat dit aan woordeboekmakers ekstra werk besorg het. In 1994 is ’n kongres gehou oor “sensitiewe woorde” wat uiteindelik sou bepaal hoe rassistiese en seksistiese terme deesdae hanteer sou word. *WAT* se beleid is sedertdien om alle woorde op te teken, maar nie voorbeelde te verskaf by sensitiewe woorde nie. Dit het beteken dat die snoeiskêr hard gewerk het. Die breedvoerige inskrywings by veral rassistiese woorde wat welig gegroei het in apartheid se skadu, is na 1994 gesny.

“*WAT* wil nie die gebruik of aanleer van rassisme bevorder nie. Daarom word geen sinonieme, voorbeelde of ander verwysings by rassistiese woorde gegee nie,” luidens die beleid.

© UCLES 2018

www.xtrapapers.com



Stap ’n mens deur die taalkluis, val die rigiede orde jou op. Die staal, die hout, die vernis. Iets tussen kleindorpse biblioteek en korrektiewe dienste se administrasiegebou. Maar dan begin jy blaai deur die woordkaartjies – ingestuur deur ’n leër vrywilligers oor byna ’n eeu heen; van mense wat sterk genoeg voel oor byvoorbeeld die woord “kragrugby” om ’n berig uit te knip waarin dit voorkom en dit hierheen te pos, ingeval dit deur die leksikale krake val. Staatsteun. Takhout. Kletsrymer. Selfie. Dit leef binne dié laaie. Dit leef binne dié kluis. Dit leef!

*(Uit: Netwerk24, 8 Maart 2016)*

www.xtrapapers.com



BLANK PAGE

© UCLES 2018 

www.xtrapapers.com



BLANK PAGE

© UCLES 2018 

www.xtrapapers.com



**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2018 